
# DIE PROKLAMERING VAN DORPE IN 'N GEDEELTE VAN DIE EERTYDSE WYK GATSRAND (TANS DIE MUNISIPALE GEBIED VAN CARLETONVILLE) - DISTRIK POTCHEFSTROOM TOT 1948

Mev. E.S. van Eeden
(Navorser Departement Geskiedenis)
PU vir CHO

Carletonville is vanjaar 40 jaar oud - relatief jonk as 'n mens dié dorp met bure soos Potchefstroom en Klerksdorp vergelyk. Albei dié dorpe kan (skynbaar?) reeds hul 150 jarige bestaan herdenk en gevolglik is feesvierings tans aan die orde van die dag.[1] Dorpstigting as tema in die Suid-Afrikaanse plaaslike en streekgeskiedenis is baie uiteenlopend en van 'n omstrede aard. Plaaslike owerhede aanvaar die datum van dorpstigting op grond van òf wetenskaplike navorsing òf oorlewering.[2] Hoe dit ook al sy, in die huidige tydsgees is dit nie, soos vroeër, moeilik om dorpe in Suid-Afrika wat eers in die twintigste eeu geproklameer is, se stigtingsdatums vas te stel nie. Dit geld ook vir Carletonville en die dorpe in sy munisipale gebied wat tussen 1937 en 1948 geproklameer is.

Die dorpe in die munisipale gebied van Carletonville is geleë in 'n omgewing wat reeds in die veertigerjare van die vorige eeu al as die wyk Gatsrand,[3] geleë in die distrik Potchefstroom, bekend gestaan het. Oorlewering wil dit hê dat daar reeds so vroeg soos 1836 Blanke bewoners in die Gatsrand was.[4] Dit blyk egter uit die vroegste plaasregisters dat aansoeke vir plase in die gebied in 1839 eers aangeteken is.[5] As daar ten opsigte van die gemelde "wie is die oudste dorp"-kwessie op dié registers geoordeel moet word, was plase aan die Schoonspruit (Klerksdorp-omgewing) en in die omgewing van Potchefstroom ook maar eers van dié datum af aangeteken . .




LIGGING VAN GATSRAND

BRON: F. J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837-1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing.

Die destydse wyk Gatsrand is oos van Potchefstroom geleë en het verder oos tot teen die distrikte Witwatersrand en Heidelberg gestrek. Noord het wyk Boven-Mooirivier (ook deel van die distrik Potchefstroom) die grens gevorm waarvan 'n gedeelte in die huidige Carletonville munisipale gebied val. Gatsrandwyk se suidelike grens het tot naby die huidige Parys gestrek en vandaar verder suidoos teen die distrik Vereeniging.[6]

Daar word dalk gewonder hoekom die wyk dan nou juis so 'n ''onwelvoeglike'' naam gekry het. Die eerste Trekkers in die Gatsrand het, soos trouens ook met Trekkers elders in Suid-Afrika die geval was, die gebied 'n naam gegee op grond van 'n uitstaande kenmerk of landmerk. Talle sinkgate wat voor die aanvang van mynbedrywighede in 1937 in die gebied voorgekom het, het natuurlikerwys ontstaan. Onderaardse grotte is gevorm deur die oplossing van dolomitiese gesteentes deur grondwater wat aanleiding gegee het tot die skielike of geleidelike insakking van grondlae.[7] Die Trekkers het dus, toe plase vanaf 1839 aangeteken is, 'n reuse-oer-sinkgat op die terrein van die huidige Doornfonteinmyn as verwysingspunt gebruik.

Gedurende die tydperk 1839 tot 1911 was daar nog nie sprake van dorpstigting in die Gatsrand nie en was die blanke bewoners hoofsaaklik plaasgebonde. Landboubeoefening was dus die grootste enkele beroep. Dit was hoofsaaklik die owerheid van Potchefstroom wat dié gebied geadministreer het. Potchefstroom was dan ook vir die meeste bewoners aanvanklik die naaste dorp waar verkope en aankope van artikels en produkte gedoen is.

Die behoefte van dorpe omliggend aan die Gatsrand om deur middel van die een of ander kommunikasienetwerk met mekaar verbind te wees, het die gebied bevoordeel, aangesien die meeste roetes daardeur moes gaan. Die gedagte aan die stigting van 'n dorp wat sentraal in die Gatsrand geleë moes wees om onder andere as ''rusoord'' vir rondreisendes te dien, is op 15 November 1920 verwesenlik toe Fochville geproklameer is.[8]

Agt jaar na die proklamasie van Fochville (1928) is daar op inisiatief van die Nederlands Zuid-Afrikaansche Vereniging (ZA-Stigting Moederland) besluit om 'n deel van die plaas Wonderfontein in die Gatsrand te koop en Nederlandse boere aan te moedig om daarheen te emigreer. Werkloosheid en oorbevolking in Nederland het boere beweeg om van dié aanbod gebruik te maak.[9]

'n Boer van Groningen, F. Veldman, was een van die eerste emigrante wat hom op Wonderfontein gevestig het. Vir Veldman, wat gewoond was aan die intensiewe landbou en oorbevolking in Nederland, was die uitgestrekte vlaktes van Wonderfontein iets ongewoon. 'n Groepie Groningers wat in 1928 op Wonderfontein aangekom het, het 'n kommissie (Commissie voor Wonderfontein) aangestel om 'n nedersetting bestaande uit Nederlandse families op Wonderfontein te vestig en emigrasie aan te moedig.[10]


Alhoewel daar in 1930 slegs 60 persone (vroue en kinders ingesluit) op Wonderfontein was, kon die plaas van 3 500 morg (3 010 hektaar) 'n bevolking van 250 persone huisves. Elke setlaar moes sy eie plot van ongeveer 25 morg (21,5 hektaar) koop. Behuising en buitegeboue is volgens elke familie se behoeftes gebou.[11] Die aanvang van goudmynbedrywighede op Blyvooruitzicht in 1937 het die ideale omstandighede geskep vir die uitleg van 'n dorp.[12] J.E. Hommes ('n Groninger) het 'n deel van sy grond op Wonderfontein afgestaan vir dorpsuitleg. Uit Hommes se korrespondensie aan sy ouers blyk dit dat die hoë koste van die uitleg van 'n dorp op Wonderfontein hom slapelose nagte besorg het.[13] Volgens hom het die landmeteronkoste £250 beloop, die dorpsbeplanningsraad £30, die regering se ondersoek £32, die verbandlosmaking £35, die kaartuitlegbeplanning £32 en die oprigting van 'n maatskappy £35.[14] Dus 'n totaal van £414!

Op 22 Februarie 1939 is die dorp Oberholzer op Wonderfontein geproklameer volgens die voorwaardes van die Dorps en Stadsbeplanningsordonnansie (nr. 11 van 1931).[15] In totaal is 600 erwe uitgelê waarvan 50 as sakepersele gereserveer is. Die regering het 90 van die standplase uitgehou vir publieke geboue.[16] Erwe is verkoop vir £100 waarvan £25 as deposito gegee moes word. Paaiemente was betaalbaar teen ses persent rente.[17]

Goudmynbedrywighede wat voor 1936 op Venterspost en Libanon (buite die noordoostelike grense van die Gatsrand) aan die gang was, het gelei tot dorpstigting op die plaas Bank. Drie dorpe is hier uitgelê: West Wits is in 1937 as dorp geproklameer en so genoem na aanleiding van die grond wat in die omgewing gewind is deur die maatskappy *West Witwatersrand Areas Limited.*[18] Op 5 Februarie 1940 is goedkeuring verleen vir die proklamering van 'n dorp op 'n deel van W.S. en C.F.J. Swanepoel se grond op Bank. Dié dorp het die naam van die plaas gekry.[19] In 1947 is Blybank (voor die datum bekend as Bankville) as die derde dorp geproklameer.[20] Hierdie dorpe het nie volgens verwagting ontwikkel nie, omdat mynwerkers 'n behoefte aan akkommodasie nader aan Venterspost, Libanon en Blyvooruitzicht gehad het.[21]

Die uitbreiding van goudmynbedrywighede op Blyvooruitzicht en later Wes-Driefontein en Doornfontein het J.J. Tromp vermoedelik laat besluit om 'n dorp op Welverdiend uit te lê. In 1937 is met dorpsuitleg begin en Welverdiend is op 11 September 1942 geproklameer. Prokureurs Moore, Williams, Gaisford en Du Toit van Potchefstroom het die verkoop van erwe op Welverdiend hanteer.[22]

'n Waterskaarste het veroorsaak dat ander dorpe in die omgewing vinniger as dié dorp uitgebrei het. Teen 1945 was Welverdiend nog nie van krag en water voorsien nie.[23] Toe die elektrifisering van spoorlyne in die vooruitsig gestel is, is in 1948 begin met die beplanning van 400 huise vir Welverdiend om spoorwegpersoneel te huisves[24] - 'n stap wat vooruitgang vir dié dorp beteken het.




*VAN DIE EERSTE HUISE IN CARLETONVILLE, UITBREIDING NR. EEN*
*(Foto: Wes-Driefonteinmyn (Carletonville))*



*GUY CARLETON JONES*
*Foto: Gold Fields of South Afrifa Limited (Johannesburg)*

Namate 'n tekort aan akkommodasie ondervind is in die nabye omgewing van Blyvooruitzicht en Wes-Driefonteinmyn, is die moontlikheid van 'n dorp op die nabygeleë plaas Twyfelvlakte ondersoek. Die maatskappy *West Witwatersrand Areas Limited* het in November 1946 by die administrateur van Transvaal aansoek gedoen om Twyfelvlakte vir dié doel te proklameer en dit in die voortuisig gestel dat die dorp aanvanklik uit 600 erwe sou bestaan.[25] Op 20 Januarie 1948 is die aansoek skriftelik goedgekeur. Landmeter S. Perkins was verantwoordelik vir die uitleg.[26] Die dorp Carletonville wat daar tot stand gekom het, het na myningenieur Guy Carleton Jones geheet. Hy was in 1932 medeverantwoordelik vir die ontdekking van die ryk goudrif in die gebied, bekend as die West-Wits-Lyn.[27]

Dus is dit duidelik dat die Gatsrand teen 1948 oor 'n




*GATSRAND: DIE VESTIGING VAN GOUDMYNE EN DORPSPROKLAMERING TOT 1948*

tydperk van ietwat meer as 'n 100 jaar besig was om 'n ingrypende gedaantewisseling te ondergaan. Die rustige en landelike boeregemeenskappe van Twyfelvlakte, Wonderfontein, Blyvooruitzicht en Driefontein het nou plek gemaak vir 'n miernes van bedrywighede van die goudmynbedryf wat van besondere betekenis vir die Suid-Afrikaanse ekonomie sou blyk te wees. Die goudrif, bekend as die West-Wits-Lyn, sou spoedig hierna verder weswaarts uitbrei.

### VOETNOTE

1. R. Marx, "Watter is die oudste dorp in Transvaal?", **Contree** 19, Januarie 1986. Vergelyk ook **Potchefstroom Herald,** 29.7.1988.
2. P.H.R. Snyman, "Die rol van sendelinge, die owerheid en ekonomiese faktore in die ontstaan van Kuruman, 1886-1913", **Contree** 22, Julie 1987.
3. Die dorpe Welverdiend en Wonderfontein is uitsonderings. Beide het binne die grens van wyk Boven-Mooirivier (ook in die distrik Potchefstroom) geval.
4. B.J.V. Naudé (red.), **Gedenkuitgawe: Ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952.** Vergelyk ook die **Carletonville/Fochville Herald,** 5.10.1973 en 29.8.1982.
5. Registrateur van Aktes (TAB), verw. 2433: Plaasrequestenregister, 1838-1851.
6. Report of the Transvaal constituencies. Delimitation commission, 1906: magisterial district map of Potchefstroom, schedule IX, **The Transvaal Government Gazette Extraordinary,** XIX (430), 24.12.1906.
7. J.F. Wolmarans, **Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief.** D.Phil.-Proefskrif, PU vir CHO, 1984.
8. Anon., **Fochville 50,** 1920-1970: **Gedenkuitgawe.**
9. Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: Ko. Dr. J. Ploeger/E.J. van Eeden, 12.9.1986. Vergelyk ook Anon., "De Nederlandsche Landbouw-nedersetting op Wonderfontein (Transvaal), **Zuid-Afrika,** Oktober 1934.
10. Carletonville (PU vir CHO), verw. 2: Kol. dr. J. Ploeger/E.S. van Eeden, 12.9.1986. Vergelyk ook **Potchefstroom Herald and Western Gazette,** 17.10.1930, en Bewaarder van Vyandseiendom (SAB), verw. 104 nr. H3/12: Commissie voor Wonderfontein, Januarie 1940.
11. **Potchefstroom Herald and Western Gazette,** 17.10.1930.
12. Mynbouontwikkeling in die Gatsrand word in hoofstuk 2 breedvoerig bespreek.
13. Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 2.8.1938.
14. Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 14.6.1938.
15. Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960.
16. Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 10.5.1936.
17. Hommes (TAB), verw. WHA 90: J.E. Hommes/Ouers, 8.3.1938.
18. Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Vergelyk ook Justisie (SAB), verw. 614 nr. 2817/35: West Wits reservation of land, 7.12.1935.
19. Stadsklerk (Potchefstroom), verw. 351: Townlands establishment of townships, 5.2.1940.
20. Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Kyk ook Naturellesake (SAB), verw. 4524 nr. 603/313: Blybank (Bankville, 6.1.44 en 11.12.1947).
21. Carletonville (PU vir CHO), verw. 3: Onderhoud dr. J.F. Wolmarans, 15.4.1987.
22. Munisipaliteit (Carletonville): Titelvoorwaardes, 1937-1960. Vergelyk ook Munisipaliteit (Carletonville), verw. T1/30 nr. TA 540/7638: Townships Board/Administrator, 4.9.1937 en Naturellesake (SAB), verw. 2920 nr. 365/303: Venereal diseases clinic, Welverdiend, 23.7.1941.

23. Anon., **Laerskool De Beer: Gedenkblad, 1880-1980, 100 ste bestaansjaar.**

24. **Potchefstroom Herald and Western Gazette,** 16.6.1948.

25. **Potchefstroom Herald and Western Gazette,** 22.11.1946.

26. Stadsklerk (Potchefstroom), verw. 351: Townlands establishment of townships, 9.9.1948.

27. R. Macnab, **Gold their touchstone: Goldfields of South Africa, 1887-1987 - a centenary story.** Vergelyk ook Die Transvaler, 15.1.1954. Guy Carleton Jones is op 3 Desember 1948 oorlede. Kyk **Carletonville/Fochville Herald,** 17.10.1980 (Gedenkblad).